
DIE SWART LUIPERD
No. 29
Newels van Verraad
braam le roux

Die gehuil en geblaf van die wolwe klink nou harder. Dit gaan asof hulle sommer net 'n paar tree agter is. Hulle geblaf word opgewonde tjankgeluide, kompleet soos 'n trop wildehonde wat 'n bok jaag. Net een keer kyk die Luiperdman om en dan sien hy hulle by die bosse agter hulle uitpeul. Oudergewoonte sprei hulle in 'n halfmaanvormige formasie uit.
Daar is dosyne van hierdie jagende, tjankende swart gedaantes en die Luiperdman besef dat geen wapen hulle sal keer as hulle eers binne trefafstand van die perd af is nie. Hier op die oop vlaktes het die Luiperdman geen kans teen 'n dertig honder wolwe nie. . .

Stofomslag: Chris du Plooy

# DIE SWART LUIPERD

No. 29
Newels van Verraad

76 s

A.V.B. Uitgesluit



braam le roux

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Drywende Dood | 3 |
| 2. | 'n Vreemde Geluid | 13 |
| 3. | Poel van die Dood | 23 |
| 4. | Prins uit die Ooste | 33 |
| 5. | Wit Gestaltes | 44 |
| 6. | Prooi van die Bloed-Ape | 54 |
| 7. | Honger Wolwe | 65 |
| 8. | Mes in die Maanlig | 75 |
| 9. | Gulsige Leeus | 85 |




## DIE DRYWENDE DOOD

Daar is geen beweging in die natuur nie. Die blare van die woudreuse ritsel nie; die ape in die bome staar strak voor hulle uit, of sit ineengehurk in die mikke van die bome en dut. Dit is of selfs die sonkakaders vir 'n oomblik swyg en wag. . . wag dat die ergste hitte van die dag moet oorgaan.

Al wat beweeg, is die swaar wolke wat loom deur die lug seil. Oor die verste berge hang 'n newel. Dit verskuif of beweeg nie, bly net soos 'n reuse-laken oor die rotsformasies uitgesprei lê.

In die hoogste boom, in die nabyhied van 'n paar nuuskierige sjimpansees, sit 'n swart figuur teen 'n dwarstak aangeleun. Sy kop rus ook teen die dak. Sy bors gaan rustig op en neer en dit is duidelik dat hy heerlik slaap. Waar hy sit, kan die son hom nie bykom nie, maar die sweet biggel tog aanhoudend langs sy wange af.

Onder dieselfde boom waarin hierdie gestalte rus, lê twee tiers en slaap; hulle groot koppe op hulle voorpote gehurk, ore platgetrek. En tussen 'n klomp struike wag 'n swart perd ongeduldig op die eerste luggie wat later van die Newelberge aangesuis gaan kom.

Die Swart Luiperd het sy masker van sy gesig af geskuif omdat die hitte te ondraaglik is. Hy slaap nou reeds langer as twee uur. Twee sjimpansees staar hom nog steeds aan, asof hulle maar nog nie kan vasstel of hierdie wese aan hul familie behoort nie. Hulle het netnou gesien hoe dat die liggaam met die grootste gemak van boom tot boom swaai. En dit is moeilik om klein te kry, want dit is net aap se kind wat sulke toertjies kan uithaal. Hulle weet egter dat hy nie vyandige gedagtes teenoor hulle koester nie, want hy kyk hulle skaars aan.

Die twee ape gee egter veiligheidshalwe pad toe die Luiperdman skielik loer. Hy maak sy oë oop en kom effens orent, staar dan oor die landskap heen. Sy blik is op die newels daar oor die ver berge gerig. Hy staar aandagtig daarna, asof dit steeds vir hom 'n natuurwonder is. Leon Fouché vee die sweet van sy gesig af en laat sy swart tiermasker oor sy gesig val. Dan kom hy heeltemal orent. Dit is duidelik dat hy diep in gedagte is.

Dit is van lank af al dat hy so voel, asof die Newelberge hom lok, asof dit hom roep. Daar verskyn hulle op die gesigseinder, lonkend, wagtend. Dit is vir hom eienaardig dat hy van tyd tot tyd lank in hierdie oerwoud rondgedool het, die newels op die gesigseinder gesien het en tog tot dusver nie gaan ondersoek instel het nie. Hy het hom wel nog altyd voorgeneem dat hy en Donker en die twee tiers nog eendag 'n ontdekkingsreis soontoe gaan onderneem, maar hulle het nooit so ver gekom nie. Daar was altyd ander dinge, maar nou is hy vasbeslote om die Newelberge te bereik. Nou kan hy die drang eindelik bevredig.

Twee dae gelede het Leon Fouché, alias die Swart Luiperd, op trek gegaan. Hy en sy twee tiers, Spikkels en Simson, sowel as donker, sy gesoute ryperd, het al-jagtend deur die digte woude getrek, steeds weswaarts na waar die Newelberge roep. Hy het al gou uitgevind dat dit beter is om in die dag te slaap en snags te reis.

Bennie, die Luiperdman se seuntjie, en Sonet, sy mooi vrou, is reeds drie maande in die buiteland en hulle sal eers aan die einde van die jaar terugkeer. Leon het dus 'n gulde geleentheid om sy swerwersdrang te bevredig. Toe hy op trek gegaan het, was daar twee jagters van Nairobi wat dit te hore gekom het en wat aangebied het om hierdie ontdekkingstog saam met hom te onderneem, maar die Luiperdman het verkies dat dit 'n eenmansreis moet wees, en hulle moet reis soos sy tiers en sy perd daaraan gewoond is, sonder moderne wapens. Die Luiperdman jag en reis die lekkerste wanneer hy slegs sy drie dieremaats as geselskap by





hom het. Hulle vier ken die gevare van die oerwoud en word selde saam in 'n hinderlaag gelok.

Met duisend gedagtes wat deur hom maal, staar die Luiperdman nog steeds oor die landskap heen. Dit lyk vir hom of hy vandag die groot woud sal verlaat. Voor hom lê 'n kleiner woud. Die bome is nie so hoog nie en dit groei ook nie so dig op mekaar nie. Daar is hier en daar oop ruimtes en kolle. Dit is 'n soort vlakte wat hom hier voor die Luiperdman uitstrek, 'n eindelose vlakte met bome, struike en gras. Hy het 'n oomblik gelede ook groot waterplasse tussen die bome opgemerk. Hy het reeds gehoor dat hierdie waterplasse panne is wat verraderlik tussen die bosse wegkruip. Hulle word gevoed deur strome wat van die krokodille wemel.

Terwyl die Luiperdman oor die ruimtes heenstaar, gaan sy bors op en neer. Hy voel opgewonde, soos 'n seun wat die avontuurlus in sy are voel woel, wat op die punt staan om 'n grootste ontdekking te doen. Leon lig sy oë effens op en staar weer na die wit newel oor die skerp rotse aan die horison. As hy nou weer begin reis, behoort hy teen die aand die voetheuwels van die Newelberge te bereik.

Die Luiperdman skuif sy pylekoker en boog op sy rug reg en dan klouter hy stadig uit die boom. Sy tiers hoor die geritsel van die takke hier bokant hulle en kyk op, ore gespits. Toe hulle egter 'n oomblik later sien dat dit hul tweebeenmaat is wat al weer begin roer, grom hulle genoeglik en laat die koppe weer op hul voorpote sak.

Daar is 'n dowwe klapgeluid toe die Luiperdman hier by sy tiers grondvat. Hy staar hulle 'n oomblik met 'n glimlag agter sy masker aan. Hy besef goed dat hulle nie daarvan hou om hierdie tyd van die dag te trek nie, maar die Swart Luiperd is haastig. Die Newelberge lê nog ver en hy brand om agter daardie berge te gaan inloer.

Donker proes tussen die struike asof hy sy tweebeenmaat roep.

Die Luiperdman stap tussen die struike in en hy gaan vryf oor die dier se nek. Hy weet dat Donker die swaarste van almal kry. Hy is die hitte van die bosse wel gewoond, maar as perd kan hy nie so baie verduur as die tiers nie. Donker laat die streling hom welgeval. Leon buk om die saal op te tel en gespe dit tydsaam op sy perd se rug vas.

Die Luiperdman weet dat sy diere teen hierdie tyd water nodig het en hier in die bos is nie water nie. Vorentoe sal hy dit egter kry. Hule is egter almal dik gevreet, daarom kan hulle maar aandruk. Oor 'n uur behoort die luggie op te steek en buitendien sal dit nie so warm wees op die vlakte as hier in die bos nie. Leon weet dit uit ervaring.

'n Renoster proes hier naby hom en grawe met sy voorpote in die grond. Met sy fyn oortjies hoor hy die Luiperdman, maar hy kry geen reuk nie en kan dus nie vasstel wat hier voor hom beweeg nie. Hy staan gevaarlik naby en Leon is ineens bly dat renoster se kind so kortsigtig is. As sy oë goed was, sou hy hulle nou bespeur het en dan sou hy storm. 'n Pyl stuit hierdie gepantserde dier nie maklik nie, of die Luiperdman moet hom in die oog tref, of agter die linkerblad en dit is nie altyd so maklik nie, veral nie as hy reg op jou afstorm nie.

Gelukkig bars daar 'n gesketter van blou-apies agter die gepantserde bosreus op en onmiddellik swaai hy verwoed om en storm die bosse in, stert in die lug. 'n Blou-apie wat uit die boom geval het, vlug angsbevange voor hom uit en maak die bos wakker. Die knapie het te diep geslaap, gedroom van vet skerpioene en toe uit die boom geval. Van alle kante gee die diere nou antwoord en ineens leef die oerwoud. Vergete is die uur van siësta in die songebakte stilte. 'n Groot bobbejaan roep en begin in die takke rondswaai. Die sjimpansees is nou ook nie meer geinteresseerd in die tweebeenwese onder hulle nie en beweeg nou geselsend verder. Digby die Luiperdman staan 'n swartluiperd uit sy skuilplek op en verdwyn soos 'n donker skaduwee tussen die bosse in. 'n Oomblik gelede sou 'n mens gesê het dat daar geen voël in hierdie woud lewe nie, maar nou gaan dit te kere asof Leon ineens op 'n voëlparadys afgekom het. En dit alles die aap se skuld—of sy nare droom se skuld.

Spikkels en Simson staan vererg op en die mannetjie rek hom uit, grom ongeduldig en draf na sy tweebeenmaat toe. Spikkels klap ergerlik na 'n veelkleurige voëltjie wat dit te naby hom gewaag het, gaap lank en kom ook na die Luiperdman toe aangedraf.

Die woud is nou in rep en roer en toe die Luiperdman 'n oomblik later tussen die bosse uittrek, sien hy troppe kleinwild aanstap berge toe, net soos hy, op soek na die lewegewende vog, waarsonder geen dier of mens kan klaarkom nie.

Hierlangs is die omgewing nie heeltemal onbekend vir die Luiperdman nie. Hy het nog wel nie die panne tussen die bosse bereik nie, maar van ver af het hy etlike kere hierdie dele bespied. Hy weet dat 'n rivier ten noordooste van die woud vloei. Dit loop in die rigting van die Newelberge en die Luiperdman het al gewonder of hierdie rivier deur die berge kronkel. Toe hy begin trek het, het hy die rivier met opset vermy, want bedags en snags is daar miljoene muskiete wat mens en dier teister. Nou besluit hy egter dat hy 'n uur of so in daardie rigting sal trek. Bereik hy die rivier, kan sy diere drink en hy kan was. Hy het ook al uitgewerk dat die rivier nie baie stroomversnellings oor die vlakte behoort te maak nie, want die wêreld is maar plat tot waar die rivier teen die Newelberge vasloop. As die rivier bevaarbaar is, kan hy vir hom 'n vlot bou, sy diere oplaai en stroom-af vinnig in die rigting van die Newels vaar. Op hierdie wyse spaar hy sy perd en sy tiers.

Hy spring dus op sy perd se rug en Donker beweeg vorentoe. Donker is nie lus om vinnig te hardloop nie. Hy bly stap, maar sy stap is flink genoeg en die Luiperdman sal hom nooit as te nimmer in hierdie hitte aanjaag nie.

,,Kom, Spikkels. . . Simson! Wie weet wat vir ons by die Berge van die Newels wag. . . kom my gespikkeldes!''

Simson skiet dadelik vooruit en 'n oomblik later sluip hy so 'n twintig treë voor die Luiperdman uit. Telkens gaan Simson staan om die lug te besnuif, maar by gebrek aan 'n bewegende luggie, kan hy nie veel vasstel nie, daarom loop hy stadiger. Wanneer die oerwoud so roerloos lê en bak, loop 'n mens jou soms in gevaar vas, sonder om dit vooraf te ruik.

Spikkels is 'n paar treë agter Donker. Die wyfie dek agter. Wanneer hulle in so 'n formasie trek, vrees die Luiperdman niks, want ingeval 'n roofdier hom volg, sal Spikkels dit betyds te kenne gee.

Leon begin weer mymer. Voordat hy vertrek het, het die pigmeëkoning hom kom spreek.

Die dwergras van Donker Afrika beskou die Luiperdman as 'n onsterflike wese, 'n supermens, wat in die bosse woon sedert die oertyd en wat daar is om toe te sien dat kwaad nie oor goed hoogty vier nie, wat sorg dat die kwaadwillige vyande van die oerwoud uitgewis word. By verskeie geleenthede het die Luiperdman hierdie dwergras al van ondergang gered. Hy het die klein mensies geinspireer om te werk en om vriende van die witman te bly. Daarom dat die pigmeë vir die Luiperdman as hul opperste beskou, die koning van hul koning, die beskermer van die pigmeë.

,,O, Luiperdgees, ons ken jou krag en ons weet dat geen bose gees jou sal oorrompel nie, maar die Berge van die Newels is die agterplaas van die duiwel. Ons vaders se vaders het ons vertel dat 'n vloek op die Newels rus. En omdat die Luiperdgees die bewaarder van die pigmeë is, het ek twaalf van my dapperste manne gevra om die Luiperdgees op sy reis te vergesel. Geen inboorling wil dit naby die Newelberge waag nie, want dit is die plek waar die duiwel se geeste ronddool. Hierdie twaalf krygers is egter bereid om in diens van die Luiperdman te sterf.''





Dit was die pigmeëkoning se woorde, maar die Luiperdman het net gelag en goedig laat hoor:

,,Waar die Luiperdman gaan, gaan hy met sy diere. . . en as die Luiperdman bereid is om die mag van die duiwel te trotseer, sal hy nie toelaat dat pigmeëbloed daaroor vloei nie. Nee, laat jou dapper manne hier bly, Koning en wag julle almal op my terugkoms. Ek gaan self kyk wie onder die Newels woon. En as ek van die Newelberge hou, gaan ek self my lêplek daar regskop.''

Die pigmeëkoning het net sy kop geskud en dit was finaal.

Waar die Luiperdman en sy twee tiers en perd hulle nou begewe, kom nooit geen mens nie. Die voetspore wat hier rondlê, is dié van gorillas, sjimpansees, buffels, renosters leeus en tiers. So ver die inboorlinge se kennis strek, was hier nog geen lewende mensewese nie. Hier by die groot bosse draai hulle om, in sig van die wit Newels wat grasieus oor die berge lê.

Een keer het drie witmanne die gebied van die panne in die bosvlaktes voor die Newelberge ingetrek. Net een het teruggekeer. Hy het egter nie lank genoeg geleef om te vertel wat van sy twee makkers geword het nie, want in pigmeëland is hy met 'n kreun op sy lippe aan 'n onbekende siekte oorlede.

Dit is nou of die son op een plek gaan stilstaan het en vasberade is om al wat leef onder op die aarde dood te skroei. Die Luiperdman soek maar al die skaduweekolle op. Dit help egter nie veel nie, want Donker hou aan om te proes, asof hy trag om die hitte met hierdie geluide te verdryf.

Toe hulle 'n plaat digter bosse binnegaan, gaan Donker sommer vanself staan om eers effens te rus. Hier voor hom tussen die bosse het Simson ook in sy spore gaan lê. Hy staar nou tussen die stamme van die bome deur. Hy kan bewegende wild sien en ook 'n trop olifante wat hulself met hul groot ore koud waai.

Dan gaan die reis weer traag verder.

Donker begin skielik sulke kort runnikgeluidsjies uiter. Hy slaan

oor na 'n trippelgang en 'n oomblik later weet die Luiperdman waaroor. 'n Ligte bries het opgespring. Dit kom daar van die Newelberge af aangewals. Dit is 'n verkwikkende luggie en die Luiperdman bemerk sommer dadelik dat Simson haastiger aanstryk. Die Swart Luiperd verbeel hom ook dat hy die reuk van water in sy neusgate voel. Na skatting moet die rivier naby wees. Hy gee donker dus spore en die perd slaan oor na 'n stywe galop. Spikkels volg vinniger. Wildsbokke vlug voor hulle uit en 'n trop volstruise staar hulle uit die hoogte aan. 'n Stofwolk dwarrel onder Donker se hoewe uit en dit lyk of hy sy vaart begin geniet.

Plotseling val Simson voor plat en die Luiperdman hou sy perd dadelik in. Die tiermannetjie gaan lê plat agter 'n bossie en hy laat 'n onderdrukte gromgeluid hoor. In 'n oomblik is die Luiperdman uit die saal. Hy staan vlak langs sy perd en staar in die rigting waarin Simson gluur. Spikkels kom skuur soos 'n kat hier teen haar baas se bene en grom binnensbuiks.

Dit is vir die Luiperdman se ervare oog duidelik dat Simson iets gewaar het. Daar voor in die bos skuil die dood dalk, daarom bespied die gespikkelde eers die omgewing, beruik die luggie om vas te stel wat hier voor hom in die bos aan die gang is.

Die Luiperdman kan nou duidelik die gemurmel van water hoor. Die rivier is hier naby. Hy verlaat Donker en klouter vinnig in 'n droë boom wat hier tussen die struike staan. 'n Oomblik later staar hy op die silwerstreep af wat, omring deur donker groen bosse, in die rigting van die Newels voortkronkel. Nou kan die Luiperdman die verkwikkende geur van die water ruik. Die sonstrale laat die bewegende water skitterblink.

Die Swart Luiperd onderskei ook die geblaas van seekoeie in die rivier. 'n Oomblik dink hy dat Simson maar hierdie geproes gehoor het en dat dit hom 'n bietjie ontstel, want die mannetjie haat hierdie bulle van die water al van kleins af. Skielik, egter, is daar 'n luide geskree; dit is die angsgeroep van 'n dier, 'n dier waarin die





emosies van woede en vrees tegelykertyd opgestyg het. Die geskree weerklink deur die bosse. Die byna menslike kreet word onmiddellik gevolg deur 'n verwoede geblaas, wat die Luiperdman laat dink aan 'n Afrikanerbul wat hoogs ontstoke is. Hy ken daardie geblaas egter baie goed. Dit word veroorsaak deur die gevreesde reptiel van die water, die krokodil. En hierdie skurwe dier blaas net so wanneer hy buite homself is van woede.

Die Luiperdman val feitlik uit die boom, maar hy kom tog op sy voete te lande. Die volgende oomblik glip hy hier by Simson verby, skiet tussen die takke in. Intussen word die byna menslike kreet ál harder. Die woede verdwyn uit daardie angskreet en dit word slegs 'n rou geluid waarmee die dier sy vrees vir 'n afskuwelike dood te kenne gee.

Die Luiperdman ken die stem van die oerwoud goed, daarom weet hy reeds dat hierdie krete van vrees deur 'n gorilla veroorsaak word. Hy weet ook dat die gorilla wat so skree, in 'n doodse gevaar verkeer.

Simson en Spikkels staar hul tweebeenmaat 'n oomblik agterna, dan besluit hulle om te volg en vlieg dan met 'n verwoede gegrom agter Leon aan. 'n Oomblik later storm hulle by hom verby.

'n Klompie wilde-eende warrel voor hul pote weg en dan steek die twee tiers skielik op die sanderige wal van die rivier vas. Leon bars tussen die takke deur en dan kom hy ook tot stilstand. Die twee luiperds deins effens terug. Die Luiperdman staar op 'n eienaardige toneeltjie af.

Op 'n rotseiland, byna in die middel van die breë stroom, sit 'n gorillawyfie met haar kleintjie in haar arms. Skurwe koppe duik telkens om die rotseiland in die water op. En dan swem hulle nader om met hul afskrikwekkende kake na die gorilla en haar kleintjie te hap. Vrees het die wyfie reeds heeltemal oorweldig. Sy vlug telkens na die verste hoek van die rotseiland, maar dan wag daar ander krokodille op haar, wat van hul kant af weer probeer om haar